

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 16**

**12 April 2026**

# Die Vader Van Ontferming

Paulus se lewe wys ons hoe God se liefde in hom gewerk het te midde van sy eie spanning, vervolging en innerlike stryd: “Aan God, die Vader van ons Here Jesus, Christus kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God 2wat in elke omstandighede moed gee” (2Kor 1:3-4). Hierdie beskrywing openbaar die wese van God se karakter. Hy is die Vader van ontferming. Hy is vol deernis en omgee en verklaar dit deur die boodskap van die Kruis en Sy opstanding.

**God die Vader se wese is ontferming**

‘n Wệreld vol verwarring, seer en sonde het 2000 jaar gelede die vervulling beleef van wat Ps 103:8 belowe het: “Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde.” Hierdie waarheid is nie bloot teologie nie, maar ‘n persoonlike belewenis.

**God het jou lief**

Joh 3:16 is ‘n persoonlike uitnodiging: “God het die wệreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hệ”. Hoor vandag: God het jou lief. Dit is persoonlik. Hy het alles gegee en opgeoffer vir jou.

**Jesus: die openbaring van die Vader se ontferming**

Rom 5:8 sệ: “ Maar God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was”. Die Kruis is een massiewe groot liefdesverklaring gewees! Verder het Jesus se lewe op aarde vir ons die hart van ons Vader kom wys – vol genade en waarheid (Joh 1:14). Hy het stilgestaan en mense raakgesien wat deur die samelewing eenkant toe geskuif is. Hy het aan sukkelende mense hoop en genesing gebring. Hy het Sy dissipels rigting en waarheid geleer en hulle bemagtig om ‘n lewe van impak te leef.

**Paasnaweek se uitnodiging: Kom huis toe**

In Luk 15 vertel Jesus ‘n verhaal wat die diepte van die Vader se hart wys. Albei seuns kies hulle eie pad: Die een loop weg in rebellie, die ander bly tuis, maar word bitter en eiesinnig. Maar die vader bly ‘n vader van ontferming. Hy hardloop om die jongste seun te omhels. Hy smeek die oudste seun om binne te kom. Hy roep sy seuns om by hom en in sy huis te wees. Hierin sien ons ‘n diep waarheid. Daar is niks wat ons kan doen om God se liefde te verdien nie. God het ons lief omdat Hy liefde is!

Ef 2: 4-5: “Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur Sy groot liefde het Hy ons wat dood was agv ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak”. Jy is saam met Christus opgewek tot ‘n núwe lewe. God doen dit deur Sy groot liefde en al wat Hy vra is: Kom Huis toe!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Ook vir die areas en mense waar dit nog bitter droog is.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde gebiede.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Nettie Badenhorst
- Marcel Holtzhausen
- Moos Nel
- Hannelie Ball

Hettie Singleton
Tiné Pretorius
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Arno Claassen
Dina Roothman
Jaap Naudé
Tannie Sannie Wentzel

**Gedagte vir die week**

**Die Vader van ontferming wil nie net in ons werk nie,
maar ook deur ons.
Sy bediening van versoening is aan ons, Sy kinders toevertrou.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org